

VISIES OP DIE SUID-AFRIKAANSE GESKIEDENIS

Wanneer ons oor hierdie tema praat, moet ons onthou dat geslag na geslag in ons geskiedenis veranderde situasies deurgemaak het. Die rede is dat geskiedenis nie sonder verandering te dink is nie. Wanneer op verskillende punte in die stroom van die tyd rekenskap gevra word oor die weg wat 'n gemeenskap afgelê het, ontstaan die geskiedskrywing. Daaronder verstaan ons in die woorde van Johan Huizinga die geestelike vorm waarin kultuur hom rekenskap van sy verlede gee. Dié vorm word grootliks bepaal deur die sosiale omstandighede en tydsgees waarin die geskiedskrywer hom bevind, m.a.w. sy wêreldbeskouing speel 'n rol daarin. Elke geslag het vrae aan die verlede gestel en 'n visie daarop nagehou wat met die tydsituasies in verband staan.

Wanneer 'n mens vandag verslag doen oor die geskiedenisvisies wat gedurende die afgelope eeu in Suid-Afrika bestaan het, sal hy 'n reeks vind wat onderling van mekaar verskil, want veranderde situasies bring veranderde sienings mee. Ons kry met verskuivende perspektiewe te doen wat télkens ánder aspekte van die werklikheid van die verlede na vore bring.

Dit is my doel met hierdie lesing om u iets van daardie veranderde visies op die Suid-Afrikaanse geskiedenis te laat sien. In die eerste afdeling sal ek kortliks die geskiedskrywing van die negentiende eeu verduidelik; in die tweede die wetenskaplike geskiedskrywing van die twintigste eeu en in die derde die aanslag van die veranderde wêreld op die huidige geskiedskrywing.

I

Wat die negentiende eeu betref, sal ek u drie gesigspunte laat sien nl. die Koloniale, die Imperiale en die Republikeinse. Wat die *eerste* betref, verwys ek na enkele geskiedenisboeke uit vele, soos bv. William Holden se *History of the Colony of Natal* (1855) en Wilmot en Chase se *History of the Colony of the Cape of Good Hope* (1869). Boeke soos hierdie weerspieël die geskiedenis as 'n verlengstuk van die koloniserende moederland, Brittanje, en dui aan dat dit nie 'n op sigselfstaande grootheid is nie. Die inhoud bestryk die dade van Britse goewerneurs, die lotgevallen van die Setlaars en die botsings met die inboorlinge. Hierdie botsings is vanuit die standpunt van die blanke koloniste opgestel: hulle is die onskuldig-aangevallenes deur „roofsugtige barbare”. Verder bevat dit 'n anti-sendeling houding: veral dr. John Philip is aangeval omdat hy volgens dié skrywers die kant van die nie-blankes teen die blankes gekies het.

In hierdie Brits-sentriese visie was daar nie juis plek vir die Hollands-Afrikaanse koloniste van die Kompanjietyd of die Groot Trek nie, en waar na hulle verwys is, is dit in taamlik onvlyende taal gedoen. Sommige tydgenootlike geskrifte het die Trek as 'n „vlug” van beskawing, wet en

orde gesien, met as doel 'n bandelose lewe en wederregtelike inbesitname van die grond van die inboorling. Dit was eers die bekende historikus van die negentiende eeu, dr. George McCall Theal wat in sy *History of South Africa* vir die koloniste van Hollandse afkoms in die bresse getree en sekere wanvoorstellings — veral met betrekking tot die Voortrekkers — uit die weg geruim het. Hy het vanuit 'n Suid-Afrikaanse standpunt begin skryf en derhalwe nuwe perspektiewe oopgestel. Die Groot Trek is bv. deur hom as 'n onafhanklikheidsbeweging geïnterpreteer. Verder het hy die Britse imperiale regering verantwoordelik gehou vir al die onheil wat Suid-Afrika vanaf die Groot Trek oorval het. Ook hy het 'n anti-sending standpunt ingeneem en die geskiedenis vanuit die gesigspunt van die blanke geïnterpreteer. In laasgenoemde is hy deur Sir George Cory se *Rise of South Africa* ondersteun.

Dit bring ons by perspektiewe vanuit die *Imperiale* gesigspunt, wat ons in geskiedenisboeke van veral die laaste kwart van die negentiende eeu aantref. Dit hang saam met die uitbreiding van die Britse grondgebied in Suid-Afrika. Die twee onafhanklike Boere-republieke is al meer as struikel-blokke in die weg van Britse ekspansie gesien. Ons dink hier aan die anneksasie van Basoetoland, die diamantveld en die Transvaal, wat in 1880 op die eerste Transvaalse Onafhanklikheidsoorlog uitgeloop het. Daarna hou die Britse ekspansie verband met die wedloop om koloniale besit in Afrika en die Witwatersrandse goudvelde. Vanuit die Kaapkolonie is die Transvaal met Britse gebied omring. Die ideaal was om 'n verenigde Suid-Afrika onder Britse vlag tot stand te bring. Die Jameson-inval en die Tweede Transvaalse Onafhanklikheidsoorlog was middele om dié ideaal te verwesenlik.

Hierdie gebeurtenisse het die visie in die geskiedskrywing van die Imperiale rigting bepaal. Boeke soos John Nixon se *Complete Story of the Transvaal* (1885) en A. Wilmot se *Story of the Expansion of Southern Africa* (1894) en *History of our Times* (1899) is tipiese voorbeelde. Die visie hierin het met dié van die Koloniale rigting verskil insoverre dit die Britse *ekspansie* tot sentrum gehad het. Dit het berus op die ideologiese grondslag dat die Anglo-Saksiese ras 'n soort missie opgelê was, nl. uitbreiding in die belang van vooruitgang, humaniteit en beskawing. Die prestasies van die „Empire-builders” is geloof, maar diegene wat hulle daarteen verset het, soos die Boere-Republieke en die Matabeles, is swart geskilder en hulle onderwerping bepleit. Die Republikeine is voorgestel as onderdrukkers van die inboorlinge. Wat vir die Republikeine 'n „Vryheidsoorlog” was, was vir hulle 'n „Boer Rebellion”. Hulle het die Jameson-inval geregverdig, die Transvaal van 'n sameswering teen Brittanje beskuldig en die oorsaak van die Oorlog van 1899 op Boere-skouers geplaas. Ook het hulle George McCall Theal aangeval omdat hy, hulle-insiens, vanuit 'n on-Britse standpunt sou geskryf het. Een van die redes hiervoor was dat die pro-Boere bewegings op die Vasteland hulle voorstelling van die Republieke op Theal se boeke gebaseer het. Met die totstandkoming van die Unie was die historici van die Imperiale rigting

geneig om hulleself op die skouers te klop oor die bereikte prestasie en het hulle in die aanbieding van feite op versoening probeer afsteek.

Teenoor voorgaande twee rigtings het daar ook gedurende die laaste kwart van die vorige eeu 'n *Republikeinse* geskiedskrywing ontstaan. Dit het van die vorige verskil in soverre dit die eerste was om aanspraak te maak op Suid-Afrikaanse geskiedenis as geskiedenis van die „vaderland”, d.w.s. 'n geskiedenis wat sy middelpunt in hierdie land het en nie 'n verlengstuk is van 'n veraf Moederland nie. Die Voortrekkers en die Boere-republieke het voorrang in die visie van die Republikeinse skrywers gekry. Die Republikeine het nie meer direkte kontak met 'n veraf moederland gehad nie. Hulle het hulle geskiedenis ervaar as 'n stryd teen die natuur, die Bantoe en die Britse imperialisme. Die anneksasies van Natal, die Transoranje, Basoetoland, die diamantvelde en die Transvaal het hulle as 'n stryd om die behoud van die onafhanklikheid en eie identiteit belewe. Veral laasgenoemde gebeurtenis en die Vryheidsoorlog van 1880 het vir die eerste keer 'n Afrikanernasionalisme in die lewe geroep, wat die grondslag vir hulle geskiedskrywing geword het. Gebeurtenisse soos die Jameson-inval en die Anglo-Boere-Oorlog het dié nasionalisme geïntensiveer. In hedendaagse terme sou 'n mens die Republikeinse stryd as anti-kolonialisme beskou, dus die voorloper van die gebeurtenisse wat hulle vandag onder ons oë voltrek.

Die geskiedenisboeke van Republikeinse kant getuig hiervan. Ons noem enkele voorbeelde. In 1877 publiseer ds. S. J. du Toit sy *Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk*. Dit was die eerste geskiedenisboek in die Afrikaanse taal. In 1882 volg die *Geskiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog* van Weilbach en Du Plessis; in 1898 J. F. van Oordt se *Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaanse Republiek* en *Het Eeuw van Onrecht* in 1899, wat 'n aanklag teen Brittanje was. Hierdie boeke sien die Groot Trek as 'n vryheidsbeweging teen Britse onderdrukking; die Trek is die heldetydperk en die verloop van Republikeinse geskiedenis 'n stryd teen onreg en onderdrukking, of, soos een historikus verklaar het, toon dit hoe die Boere „vanaf die begin altyd deur die Engelse behandel is”. Dit som griewe op, verdedig die Republikeine teen beskuldigings en regverdig hulle eie optrede.

Na die Oorlog van 1899-1902 het dr. W. J. Leyds die skuldvraag ondersoek en die Imperiale regering as die oorsaak van die Oorlog uitgewys. Sy boeke *De Eerste Annexatie van de Transvaal* (1906) en *Het Insluiten van de Boeren-Republieken* (1914) pleit die Boere vry en voorsien hulle van feite om te gebruik in die politieke stryd wat sou volg. Gustav Preller het met sy *Piet Retief* van 1906 die Groot Trek geïnterpreteer as die „geboorte van die Afrikanernasie”, 'n beweging wat „'n afsonderlike Afrikaanse nasie . . . met sy eie taal, sede, geskiedenis en tradisie” geskep het. Die Groot Trek is as voorbeeld voorgehou om te toon dat die Anglo-Boere-Oorlog nie die einde van die Afrikaners as volk gebring het nie, maar wel 'n nuwe begin. Die boek is op nasionalistiese fondament opgebou. Die geskiedenisbeeld van die Afrikaners het sedertdien gewentel

rondom die Groot Trek en die Anglo-Boere-Oorlog. Die „Eeu van Onreg,, is nie vergeet nie. Die Republikeinse geskiedenisvisie was Afrikaner-sentries en anglophobies.

II

Dit bring ons by visies in die wetenskaplike geskiedskrywing van die twintigste eeu. Ons moet onthou dat die beoefening van die wetenskaplike geskiedskrywing hier te lande feitlik eers na die Eerste Wêreldoorlog begin het. Die grondslag daarvan is aan ons universiteite gelê deur buitelandse historici soos Godeé-Molsbergen, Blommaert, en Eric Walker, later opgevolg deur Suid-Afrikaanse geleerdes, wat hulle wetenskaplike opleiding oorsee gehad het, soos professore A. J. H. van der Walt, J. A. Wiid en W. M. Macmillan.

In teenstelling tot die negentiende eeu wat met onge-ordende argiewe geworstel het, het die *Publieke Argiewewet* van 1922 navorsingsgeleenthede verbeter. Omdat studente aan die universiteite vir die verwerwing van magister- of doktorsale grade, dissertasies moet skrywe, het ook dit bevrugtend op die geskiedskrywing ingewerk. Van owerheidsweë is die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* ingestel, waarin sulke dissertasies gepubliseer kon word.

Om die verskil in visies wat in die twintigste eeuse geskiedenisboeke te voorskyn kom, duideliker te laat sien, praat ons gerieflikheidshalwe van 'n geskiedskrywing vanuit Afrikaanse en vanuit Engelse gesigspunt. Ons begin met die eerste.

Die wetenskaplike geskiedskrywing het groter spesialisasie meegebring. As gevolg hiervan is baie plaaslike temas behandel. Omdat bronne oor ons koloniale agtergrond in oorsese argiewe berus, het ons vroeë geskiedenis weinig aandag gekry. Terwyl die sewentiende eeu nie veel aftrek gekry het nie, is die agtiende eeu aan die begin beklemtoon soos die doktorsale dissertasies van prof. Van der Walt en drs. A. L. Geyer en C. Beyers bewys.

Die hoofklem is egter op die negentiende eeu geplaas, en hierin was die Groot Trek en die Transvaalse onafhanklikheidsoorloë die pole waaromheen die geskiedskrywing van Afrikaanse kant gewentel het. Die rede is dat die nasionalistiese lewensbeskouing van die Afrikaner en sy konstitusionele, politieke en kulturele stryd om die handhawing van sy identiteit, hom laat seek het na sy herkoms, vorming en ontwikkeling, wat hy veral in die Trek- en Republikeinse geskiedenis gevind het. Daar was 'n soort spyt oor die verlies van die onafhanklikheid en die negentiende eeuse lewensvorme, wat in so 'n skrilte kontras met dié van die verstedelike twintigste eeu gestaan het. Daar was 'n romantiese verlange na die verlede en 'n idealisering van die negentiende eeuse heroïese geskiedenis. In dié periode is 'n nasionale epos van leed en stryd gesien, waarin die waardes, einaardighede en eie politieke lewe van die Afrikaner tot uiting sou kom, en waaruit hy besieling kon put. Om hierdie rede het die *politieke* geskiedenis by die Afrikaners voorrang geniet. Daar is sterk gekonsentreer

op die verhouding van die Republieke tot die Britse regering. Tot op sekere hoogte is die negentiende eeuse tendensie om aan te toon hoe die Boere „altyd deur die Engelse” behandel is, gehandhaaf. Die skuld vir die onenighede en oorloë is op Britse skouers geplaas en die Transvaal, wat besonder baie aandag geniet het, is vrygepleit en geregverdig van beskuldigings.

Ons kan slegs na enkele werke uit vele verwys. Die agtiende eeu het gebaat by dr. C. Beyers se *Kaapse Patriotte* (1929) en prof. P. J. van der Merwe se *Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek* (1937) en *Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie* (1938), waarin aangetoon is dat die agtiende eeu van beslissende betekenis was vir die vorming van die Afrikaner.

Naas Preller se werk oor *Piet Retief* het prof. H. B. Thom se *Gert Maritz* (1947) verskyn, wat baie in eersgenoemde gekorrigeer, ons kennis van die Trekgeskiedenis gepesiseer, en nuwe dinge aan die lig gebring het. Ook die werk van prof. C. F. J. Muller, *Die Britse Owerheid en die Groot Trek* (1948), het deur die analise van die faktore, wat die Britse houding teenoor die Trek bepaal het, nuwe begrip en interpretasiemoontlikhede en 'n breër visie gebring. Van Afrikaanse kant is die trekgeskiedenis veral rondom biografieë van die leiers behandel.

Daar is talle temas oor die Boere-republieke soos grensgeskille, verhouding tot naturelle stamme, bestuursvorme, die kerk, die skool, die sending, ens. Oor die Tweede Transvaalse onafhanklikheidsoorlog is vanuit Boere-standpunt geskryf. Van die beste werke is dr. G. D. Scholtz se *Oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog* (1948) en prof. J. S. Marais se *Fall of Kruger's Republic* (1961). Eersgenoemde stel die oorlog in internasionale perspektiewe en laasgenoemde toon die aanspreklikheid daarvoor by Chamberlain en Milner aan.

Daar is ook sekere tekortkominge in die geskiedskrywing vanuit die Afrikaner se gesigspunt. Deur die eensydige konsentrasie op die politieke stryd teen die Brit is sekere temas verwaarloos, soos die rol van die nie-blanke en die Engelssprekende in die opbou van die land, en die ekonomiese, sosiale en geestesgeskiedenis. Verder het die groot spesialisasie tot analitiese studies gelei en het die groot sintese van die geheel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis agterweë gebly. Die dissertasies vertoon soms te plaaslik; daar is 'n gebrek aan oriëntering op die wêreld- of koloniale geskiedenis, waardeur perspektiewe in breër verband ontbreek. Dit was miskien die gevolg van geestelike isolasie.

Dit bring ons by visies in die geskiedskrywing van Engelssprekende historici. Hulle was anders as die Afrikaners ingestel en het nie die gewig van die geskiedenis op hul skouers probeer neem nie, maar wou eerder daarvan wegkom en op die toekoms konsentreer.

Die selfvoldaanheid by Engelssprekende historici oor die totstandkoming van die Unie het gou oorgewaaai. Hulle het begin wegbreek van die tradisionele Boer-Brit-verhouding. Daar is ingesien dat die verhouding van blank tot swart in die nuwe industriële samelewing die ver-

naamste vraagstuk is. Die ontstaan en ontwikkeling daarvan is nagegaan en die verlede vanuit dié rasse-botsing hersien. Ons dink bv. aan prof. Edgar Brookes se *History of Native Policy in South Africa* (1924) en Agar-Hamilton se *Native Policy of the Voortrekkers* (1928). Dit was egter prof. W. M. MacMillan wat met sy *Cape Colour Question* (1927) en *Bantu, Boer and Briton* (1929) skool gemaak het. Hy was die eerste historikus wat opgemerk het dat ons natuurlike-vraagstuk onderdeel van 'n „wêreld-kleurvraagstuk” geword het.

Op taamlik aggressiewe toon het hy die werk van Theal en sommige Afrikanerhistorici aangeval omdat hulle die geskiedenis vanuit blanke standpunt beskryf het — veral wat die vroeë grensbotsings en latere rasse-kontakte betref — en omdat hulle die sendelinge verkleineer en die Groot Trek slegs in heroïese lig aanskou het. Macmillan herinterpreteer die verlede vanuit die nie-blanke se gesigspunt en sien die geskiedenis van Suid-Afrika daardeur as 'n onderwerpings- en onteieningsproses van die nie-blankes en hulle verproletarisering in die stede. Die Groot Trek verklaar hy as die gevolg van „grondhonger”, as 'n „rebellie” en as 'n ontsnappings-middel teen gelykstelling. Dit het synsiens die grondslag gelê van die huidige rasse-vraagstuk en „the great disaster” van ons geskiedenis geword. Hy skets 'n donker prentjie van die Republieke se „agterlikheid”, „verdeeldheid”, „onmag” en „bankrotskap”. Hy is die apologet vir dr. John Philip, wat hy as een van die weinige groot staatsman-figure van die negentiende eeu beskou. Hoewel hy nuwe gesigspunte gebring het, was sy voorstelling eensydig, te oordrewe sterk gestel en sonder begrip vir die koloniale vraagstukke.

Sy werk het egter navolging gevind in prof. J. S. Marais se meer gematigde *Maynier and the first Boer Republic* (1944) en *The Cape Coloured People* (1939) waarin Maynier „in eer” herstel is en aangetoon word dat die nie-blanke nie altyd in die ongelyk en die blanke reg was nie. Hy sien ons geskiedenis as 'n verhaal van rasse-kontakte waarin die diverse elemente tot 'n enkele, heterogene gemeenskap saamgegroeï het. Uit dieselfde skool stam ook prof. C. W. de Kiewiet, wie se *British Colonial Policy and the South African Republics* (1929), *the Imperial Factor in South Africa* (1937) en *A History of South Africa Social and Economic* (1941), veel dieper indring as Macmillan. Daarin val die klem veral op die rol van die nie-blanke en die Londense beleid. Synsiens was die belangrikste sosiale en ekonomiese feit in die negentiende eeu die algemene afhanklikheid van *swart arbeid*, en nié goud, diamante of Boererepublieke en hulle verhouding tot die Britte nie. Hy het aangetoon dat die Suid-Afrikaanse geskiedenis 'n eenheid vorm en nie in isolasie bestudeer mag word nie. Ook beklem hy die rol van eksterne faktore.

Waar die Afrikanerhistorici analities te werk gegaan het, het sy Engelssprekende vakgenote meer sinteties gearbei, getuig bv. die werk van Eric Walker, nl. *A History of South Africa* (1928) en *The Great Trek* (1934), wat uit 'n gematigde liberale standpunt beskryf is. Daarin staan

die hooflyne helder uit, en bring hy eenheid en struktuur en sintetiseer hy die onderdele soos Kolonies, Republieke en natuurlike-stamme tot 'n geskiedenis van die Westerse beskawing in Suid-Afrika. Sy swakheid is egter dat uit niks daarin blyk, dat die Britse regering ook kon gefouteer het nie.

Van Engelssprekende kant is heelwat aandag aan ons koloniale agtergrond — veral die Portugese tyd — gewy, sowel as aan die vroeë Bantoestamme, plaaslike geskiedenis en lewensbeskrywings van Suid-Afrikaanse staatsmanne.

III

Dit bring ons by die aanslag van die veranderde wêreld op ons huidige geskiedskrywing. Vooraf moet ek iets oor die „veranderde wêreld” sê. Dit bestaan kortliks in die woorde van Rupert Emerson: „Empires have fallen on evil days and nations have risen to take their place”. Vir sowat vierhonderd jaar lank het die blanke volke van die Weste oor die nie-blanke volke van die wêreld geheers. Deur hulle onderlinge oorloë — veral die Tweede Wêreldoorlog — het die blankes hulself so verswak dat ons in 'n enkele geslag die afbraak van die tydperk van Kolonialisme belewe. Asië en Afrika het in opstand teen hulle blanke heersers gekom, wat hulle oral uit hulle magposisies moet onttrek. In die tydperk van die Anti-kolonialisme het 'n planetariese epog begin, waarin die nie-blankes, wat voorheen geen seggenskap in die raadsale van die Europese magsisteem gehad het nie, tans as gelykes en aktiewe mede-spelers op die wêreldhistoriese verhoog optree.

Omdat die veiligheid van Suid-Afrika afgehang het van die mag van die Weste, en dié vandag nie net verswak het nie, maar aktief meehelp om die swartman te emansipeer, het daar in Suid-Afrika groot besorgheid oor sy toekoms ingetree. Die Afrikaners in besonder is tans nie meer gekonfronteer met blanke imperialiste, wat van buite-af in die interne sake van Suid-Afrika ingemeng het soos in die negentiende eeu nie; tans is dit die nie-blankes vanuit Afrika en ander kontinente wat die doen en late van die Republiek betwis of donker voorspellinge oor die toekoms waag. Suid-Afrika is besig om uit sy tradisionele isolasie te ontwaak en rig die oog vandag na die Noorde. Sy binnelandse kleurvraagstuk het onlosmaaklik met die internasionale politiek verstrengel geraak. Hierdie besef het reeds sy uitwerking op ons geskiedskrywing gehad.

'n Verdere verandering wat ook invloed daarop uitoefen, is van binnelandse aard. Dit is die feit dat die Afrikaanssprekende wat sedert 1948 die staatsbewind voer, Suid-Afrika geleidelik na sy idees omvorm het, getuig byvoorbeeld die verandering van staatsvorm en die afsien van Britse simbole, wat van Engelssprekende kant reaksie uitgelok het. Met al hierdie veranderinge het ons 'n tydperk binnegegaan van *hersiening* en *herinterpretasie* van die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Ons gaan eers wys op die huidige tendensies in die geskiedskrywing van die Engelssprekende, daarna dié van die Afrikaanssprekende behandel en ten slotte dié van die Bantoe.

Die tendense in die geval van die Engelssprekende hou verband met Afrikanernasionalisme, die huidige rassesituasie, en die nedergang van die Kaapse Liberalisme en die Britse Ryk. Die afsnyding van Britse simbole en die uitsluiting van mede-verantwoordelikheid in die landsbeleid, het die Engelssprekendes as minderheidsgroep in 'n situasie laat beland, waarin hulle tot kritiese toeskouers geword het, wat uit teleurstelling met die bestaande toedrag van sake, hulle oor die toekoms besin, en dáárom in die verlede gaan soek het na dié keerpunte, wat die huidige toestand voortgebring het. In hulle konfrontasie met die Afrikaner se nasionalisme en rassebeleid, gee hulle hulself rekenskap van wíé en wát die Afrikaner is en wat van die toekoms verwag kan word. Politiek-historiese geskrifte soos Edgar Brookes se *South Africa in a Changing World* (1953), en Sheila Patterson se *The Last Trek. A Study of the Boer People and the Afrikaner Nation* (1957), sal verduidelik wat ek bedoel. Die teleurstelling met die bestaande toestand word ook weer-spieël in titels soos *Background to Bitterness, Twilight in South Africa, Hope for South Africa* en *South Africa's Eleventh Hour*.

Die behoefte om die eie tyd te begryp, het tot herinterpretasie van die verlede gelei. Tipies is die artikel van prof. Keppel-Jones: *Where did we take the wrong Turning?* (1959). Hierdie vraag gaan na twee kante toe uit: wat het Afrikanernasionalisme laat slaag, en: waardeur het die Britse liberale gedagte in Suid-Afrika gefaal? Met hierdie vraag-stellings is „historiese foute” ontdek soos die „verkeerde” beleid van die Imperiale regering in die negentiende eeu, wat die Vrystaat in 1854 onafhanklik verklaar het, waardeur die konserwatiewe grenstradisie van geen-gelykstelling en geen-stemreg vir nie-blankes die oorhand in die Noorde verkry het. In die *Unification of South Africa* (1960) van prof. L. M. Thompson, spreek 'n soortgelyke bevinding.

Kritiek is uitgespreek op Chamberlain en Milner se beleid wat op die Tweede Transvaalse Onafhanklikheidsoorlog uitgeloop het, waardeur 'n kunsmatige Unie in plaas van 'n natuurlik-gegroeide federasie tot stand gekom het. Het laasgenoemde geleidelik geslaag, sou daar nie kans bestaan het dat een taalgroep oor 'n ander sou heers nie. Oor die algemeen bestaan daar belangstelling vir die historiese ontwikkeling van die rasse-teenstelling. Ook het daar gevoeligheid ontstaan oor die aandeel van die Engelssprekende in die opbou van die land: In 'n boek soos John Bond se *They were South Africans* is aandag vir die Engelse pioniere gevra en aangetoon dat die Engelssprekendes mede-bouers was in die ontginning van die land. Verder is kritiek uitgespreek op die Afrikaner se voorstelling van die verlede.

Ook by die Afrikaner van vandag staan die vraag na die *toekoms* op die voorgrond. Kan die blanke minderheid hom aan die suidpunt van 'n swart kontinent handhaaf? Teen wil en dank is hy gekonfronteer

met 'n veranderde wêreld wat sy historiese sekerhede ondermyn. Dit dwing hom om hom te bevry van sy tradisionele isolasie. Sy visie op die wêreld is besig om 'n verandering te ondergaan en daarom sal ook sy visie op die verlede verander. Die koppeling van die kleurvraagstuk aan die internasionale politiek, die oorsese kritiek en dreigemente, die nie-blanke nasionalisme van Afrika — dit alles het reeds 'n uitwerking op ons geskiedskrywing gehad, soos die werk van dr. G. D. Scholtz getuig.

Hy het hom ten doel gestel om die besef van die Rewolusie van die Twintigste Eeu by sy mense te laat deurbreek. Hy wil hulle help bevry uit hulle geestelike isolasie en met kennis toerus sodat die blanke beskawing hier gehandhaaf kan word. In sy boeke soos *Suid-Afrika en die Wêreld-politiek* (1954), *Die Stryd om die Wêreld* (1962) en *Die Republiek van Suid-Afrika en die nuwe Wêreld* (1962) toon hy aan hoe die binnelandse gebeurtenisse alhier deur die eeue heen deur die internasionale politiek beïnvloed is. Hy beskryf die wording van die nuwe wêreld en toon die posisie van sy land daarin aan.

Dit bring ons al vanself by die invloed van die rassevraagstuk op die geskiedskrywing. In sy *Het die Afrikaanse Volk 'n Toekoms?* (1954) soek dr. Scholtz na 'n verklaring van die huidige rassesituasie. Ook aan hom het die verlede „foute” geopenbaar soos bv. die stopsetting van blanke immigrasie na Suid-Afrika in 1707, wat gelei het tot die huidige blanke minderheid; die eensydige konsentrasie van die Afrikaner op die boerdery wat hom in isolasie laat beland het; die gebruikmaking van die nie-blanke-arbeiders deur Van Riebeeck en die Natalse suikerbase, wat vandag verantwoordelik is vir die blanke se afhanklikheid van nie-blanke arbeid en die Indiërvraagstuk; verder ook president Kruger se prysgawe van die land noord van die Limpopo.

Dit bring ons by die gesigspunt van die Bantoe. Eers na die Tweede Wêreldoorlog het die nie-blanke sy buiging op die verhoog van die geskiedskrywing gemaak. Daarvan moet ook kennis geneem word. Die visie van die nie-blanke-geskiedskrywing vloei voort uit die ontwaking van 'n nasionale- en politieke besef, wat verband hou met die emansipasie en nasionalisme van die nie-blanke volke van Asië en Afrika. Daar is vrae oor die toekoms gestel wat hulle na die verlede gevoer het. In 'n hele aantal pamflette, artikels en boeke word blyke hiervan gegee. Teenoor die Afrikaner se *Een Eeuw van Onrecht* van 1899 het *Three Centuries of Wrong* in 1952 verskyn. Daar is ook parallelle getrek tussen die Afrikaner se stryd tussen 1877 en 1881 onder Britse gesag en die posisie van die huidige Bantoe in Suid-Afrika.

Twee boeke uit 1952 is insiggewend. Die eerste is van Nosipho Majeke, *The Rôle of the Missionaries in Conquest* en „Mnguni” se *A History of South Africa*. Die swartman word hierin in die sentrum geplaas. Die uitgangspunt is ook: hoe het die huidige samelewing tot stand gekom? Dit word in perspektief gestel met die besetting van Suid-Afrika in die koloniale tyd. Sedertdien sou daar 'n driehonderdjarige stryd van die nie-blanke

teen blanke indringing, veroweringoorloë en bestuur bestaan het. Daar word beweer dat die geskiedskrywing van die blanke onbetroubaar en eensydig is. Alle blankes word saamgegroeper en geen onderskeid tussen hulle getref nie. Dié visie berus op 'n ekonomiese basis: na die Boerefeudalisme volg die Britse stedelike kapitalisme wat opgevolg sal word deur Bantoe-sosialisme. Vóór die koms van die blanke sou hier 'n idilliese toestand geheers het. Daarop het die onteiening van land in „anti-Hottentot”, „anti-Xhosa”, „anti-Zulu”, „anti-Sotho”-oorloë gevolg, waarin die helde manne soos Dingaan en Mosjesj was. Die Groot Trek is hulle-insiens 'n veroweringoorlog, op grond waarvan Dingaan geregtig word vir die uitwissing van Retief en sy mense. Die stryd tussen Boer en Brit kry nie in dié voorstelling plek nie. Daar is geen waardering vir die werk van sendelinge of Kaapse liberaliste nie. Alles in dié visie verskil radikaal van die tradisionele blanke voorstelling.

Ten slotte kan in die algemeen gesê word dat die toekomstige geskiedskrywing hier te lande meer klem sal lê op die eenheidsaspekte van blanke Suid-Afrikaners en op die wording van die pogings tot oplossing van die rasse-vraagstuk.

Prof. F. A. van Jaarsveld.